NUUSBRIEF Nr. 27 **September 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 25 September 2017: 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

Evolusie van 'n reistydskrif, en die reisjoernalistiek in 'n digitale era.

Esma Marnewick

Esma het 'n Honneurs graad in Joernalistiek van die Universiteit Stellenbosch, en het onder ander by Pasella, Die Burger en WWF-SA gewerk. Sedert 2010 is sy die Assistant-Redakteur by Weg!-reistydskrif. Esma het die land deurkruis, haar gunsteling bestemmings is die Kruger Nasionale Park, Kgalagadi-Oorgrenspark, Knysna-woud en die Tankwa-Karoo. Sy het ook wêreldwyd gereis en lande in Amerika, Europa, Oos Asië en Afrika besoek.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

U3A Stilbaai komitee.

By die Algemene Jaarvergadering op 31 Julie is 5 lede tot die komitee verkies; by die komitee vergadering van 4 September is die volgende ampsbeklеders verkies:

Voorsitter:	Niel van Wyk.
Onder-voorsitter:	Hella Döckel.
Sekretaris:	Carol Malan.
Tesourier:	Niel van Wyk.
Lid:	Cheryl Worth.
Lid:	Lawrence Barltrop.
Koöpteerde lid:	Johan van Rooyen.

Augustus Maandelikse Praatjie.

Antel van Deventer het oor die sosiale eienskappe en uitdagings van leerders met Outisme gepraat. Sy het pertinente feite en inligting van haar studies aan die gehoor oorgedra, asook van haar ondervinding in klaskamers met kinders met verskillende vlakke van outisme – 'n toestand wat 'n noemenswaardige aantal mense affekteer. Antel is hart is duidelik in haar werk en haar voordrag het die gehoor van begin tot einde gebind.

Jagersbosch Fonds.

Die Augustus uitloting het R259 opgelewer, en die TED praatjie op 23 Augustus R116; die Historiese Bergpasse Uitstappie van 6 September het R236 bygedra. Die fonds staan nou op R4,349.67.

Vir ‘n volle lys van alle bydraes, sien die Jagersbosch Fonds blad op ons webtuiste. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand ‘n donasie wil maak. *www.u3astilbaai.org*

Lidmaatskap

Tien nuwe lede het by ons maandelikse vergadering in Augustus aangesluit; en ‘n groot aantal lede het hul lidmaatskap vir 2017/18 hernu. Ons opbetaalde ledetal staan nou op 170; ons het almal wat nie hul lidmaatskap hernu het nie van die ledelys afgehaal, maar ons hoop dat sommige nog hul lidmaatskap vir 2017/18 sal hernu.

Die blou naamkaartjie is nie meer geldig nie, die 2017/18 naamkaartjie het ‘n oranje-kleurige agtergrond. Lede word herinner om hul naamkaartjies na alle U3A funksies te dra.

Neem ook asseblief kennis dat die U3A kursusse, groep aktiwiteite en uitstappies slegs vir lede is; alhoewel lede welkom is om gaste wat Stilbaai besoek saam te neem, of indiwiduê wat julle aan U3A Stilbaai wil voorstel. As permanente inwoners van Stilbaai gereeld wil deelneem, is hulle welkom om by U3A Stilbaai aan te sluit.

Kontak ons as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, groep aktiwiteite of uitstappies; of as u voorstelle het vir nuwe kursusse, ens wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Die volgende kursusse word tans aangebied:

- **Kookkuns** : Kontak Reinette op *reinetteanastagi@gmail.com* vir haar kookkuns kursus.
- **Voël identifikasie vir beginners** : Die eerste twee voël identifikasie kursusse in 2018 is reeds vol, maar ‘n derde kursus word vir 2018 beplan. Om teleurstelling te voorkom moet belangstellendes asseblief vroegtydig Johan kontak op *rooyenvanjohan@gmail.com*.

TED PRAATJIE : HOE BOME MET MEKAAR PRAAT

Woensdag, 27 September 2017 om 09h30; Die Waenhuis, Jagersbosch.

"’n Woud is veel meer as wat jy sien," sê ekoloog Suzanne Simard. Haar 30 jaar navorsing in Kanadese woude het gelei tot ‘n verstommende ontdekking – bome praat, dikwels en oor groot afstande. Leer meer van die harmonieuse dog komplekse sosiale lewe van bome en bekyk die natuulike wêreld uit nuwe oë. Stefan Pretorius fasiliteer hierdie TED Praatjie.

Lawrence Barltrop koördineer die TED Praatjies; kontak hom asseblief op *barltrop@vodamail.co.za* as julle ‘n interessante onderwerp het, of as julle ‘n aanbieding oor ‘n spesifieke onderwerp verlang.

TED is ‘n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as ‘n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.

U3A STILBAAI GROEPE

Die volgende groep aktiwiteite vind plaas:

- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Wandel Groep** : ‘n Aantal persone het aangedui dat hulle ‘n stadiger en meer rustige wandel as die stapgroep se redelike vinnige stappe sal verkies. Ons benodig ‘n sameroeper vir hierdie groep; as iemand belangstel, kontak ons asseblief op *info@u3astilbaai.org* en ons sal ‘n kennisgewing aan die lede uitstuur. As die groep eers gevestig is, kan die groep self besluit wanneer, waar en hoe dikwels die stappe moet plaasvind.
- **Leunstoel Reise** : Die Leunstoel Reise word nog beplan, ons sal ‘n kennisgewing aan lede uitstuur sodra ons meer inligting het.
- **Fotografie Groep** : ‘n Fotografie groep is gestig, enige lid wat belangstel kan Lawrence by *barltrop@vodamail.co.za* kontak.

- **Aandele Groep** : ‘n Aandele groep is onlangs gevorm en ‘n aantal mense het reeds aangesluit; persone wat belangstel kan Christo by *christoprins208@gmail.com* kontak.

U3A STILBAAI UITSTAPPIES

Ons moes die Historiese Bergpasse Uitstappie van 30 Augustus weens swak weer kanselleer, maar ons het dit met die uitstappie beplan vir 6 September gekombineer – die resultaat was ‘n groot groep van 21 mense in vyf voertuie. Maar dit was mooi weer en die groep het die dag in die berge geniet. ‘n Totaal van 66 persone was nou al op die bergpasse uitstappie.

Daar is 16-18 mense op ons lys vir die laaste Historiese Bergpasse Uitstappie; op hierdie stadium word dit vir Oktober beplan, maar ‘n datum is nog nie bepaal nie.

Ons ondersoek die moontlikheid om vroeg volgende jaar weer Favour Stoetery te besoek – hou hierdie spasie dop vir verdere nuus!

Neem kennis dat hierdie uitstappies is hoofsaaklik vir lede van U3A Stilbaai, alhoewel lede toegelaat is om gaste saam te neem. Ons het ‘n aantal versoeke gehad van mense met geen verbintenis aan U3A om op die uitstappies te gaan; ons het die versoeke geweier, maar die persone is aangemoedig om by U3A Stilbaai aan te sluit.

KOMENDE PRAATJIES ...

Daar is baie mense woonagtig in Stilbaai wat ‘n baie interessante praatjie by ons maandelikse vergaderings kan lewer – kontak ons gerus sodat almal kan voordeel trek uit u kennis en ondervinding. As enige lid iemand ken wat ‘n interessante praatjie kan lewer, laat ons tog weet sodat ons daardie persoon kan kontak. Ons kan persone help wat hulp nodig het met ‘n PowerPoint voorlegging.

Die program vir die maandelikse praatjies tot die einde van die jaar is as volg; let wel dat dit mag verander weens onvoorsiene omstandighede:

- 30 Okt 2017: Anna Hattingh praat oor “Living Wills”.
- 27 Nov 2017: Johan van Rooyen praat oor die Suider Afrikaanse Voëlatlasprojek.

Ons het nie enige aktiwiteite vir die vakansie seisoen beplan nie; maar as u weet van enige persoon met ‘n besondere belangstelling wat Stilbaai gaan besoek en bereid sal wees om ‘n voordrag te maak, laat ons asseblief weet by *info@u3astilbaai.org* sodat ons dalk ‘n skemer vergadering by Die Waenhuis kan reël.

---oooOOOooo---

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG.
KONTAK ONS BY INFO@U3ASTILBAAI.ORG